MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

6 Oktober 2020

OB 24/K3 – The Hills Challenge en Gr. 7

Beste Ouers

Ons is baie opgewonde oor ***The Hills Challenge*** wat op 24 Oktober plaasvind! Ons het alreeds briewe aan u uitgestuur en daar is ook nuus op ons Facebookblad, sowel as op *The Hills Challenge* se webwerf. U kan gerus loer en kyk hoeveel mense en donateurs betrokke is. Daar is fantastiese pryse om te wen.

Dié wat nie meer kan wag vir 'n lekker (uitdagende) bergfietswedren of *Trail run* nie – die tyd het uiteindelik aangebreek. Kyk asb. hoe ons die registrasie vir u makliker probeer maak, aangesien COVID-19 veiligheidsmaatreëls toegepas sal word. Ongelukkig mag net deelnemers toegelaat word (geen toeskouers nie). Daar word dus 'n inskrywingsfooi by die ingang betaal vir die item waaraan u gaan deelneem.

Gr. 7: Die volgende gedeelte van die brief raak spesifiek die gr. 7-leerders, maar ek gee die inligting aan almal deur, sodat u weet wat die reëlings is.

Die Vlak 1-inperkingsmaatreëls het skole met die nodige ruimte, die geleentheid gegee om meer leerders in te faseer, waar moontlik. Veiligheidsmaatreëls moet steeds getref word en leerders mag nie nader as 1m van mekaar af wees nie. Ons kan dus steeds net 1 leerder per bank/tafel akkommodeer.

Die 2 klasse wat vir gr. 7 gebruik word, is groter as die ander klasse. Ons het aanvanklik, na die terugkeer van leerders na die inperking van skole, al die gr. 7's gelyktydig by die skool gehad. Ons gaan vanaf kwartaal 4, op 2 November, al die gr. 7's laat terugkeer na die skool. Ons wil seker maak dat ons genoegsame hersiening met hul almal kan doen, voor die finale toetsreeks aan die einde van die jaar aanbreek. Die WKOD bepaal die datums wanneer die toetsreekse begin. Die gr. 7's skryf meer vraestelle en hulle sal vroeër as die res van die skool met hulle November toetsreeks begin. Ons laat weet u betyds hiervan, sodat u die nodige reëlings kan tref.

Skooldrag: Vanaf kwartaal 4 dra ons weer voluit somer skooldrag. Ons poog steeds om dit makliker te maak rondom die was van klere, daarom mag al die leerders op Dinsdae en Donderdae met die amptelike skool sportdrag skool toe kom. Maandae, Woensdae en Vrydae, word somer skooldrag gedra.

My beste wense vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
VOLG ONS OP
sparmontagu
023 614 2080